Letters to the editor

The application of rule 3A(1)(*b*)(A)

TM Ntsaluba
Bisho Bar

There are people, probably many, who believe, as I do, that the road to the Bar that entails a sojourn in the attorneys' profession must be encouraged or recommended.

A common requirement for entry into both branches of the legal profession is that one must be a fit and proper person. There are, of course, other entrance requirements and they differ according to the branch that one enters. I have always assumed that membership of either branch of the profession endures on the basis that the member continues to be fit and proper. From that my further assumption was that the Law Societies and the Bars would always be ready to certify their members to be fit and proper persons except those members against whom there are pending or contemplated disciplinary or striking off proceedings. My recent experience has proved me to be assuming too much.

High Court Uniform Rule 3A(1)(*b*A) provides:

> "...a person applying for admission to practise and for authority to be enrolled as an advocate shall,...if he previously was admitted or practised as an attorney, submit to the registrar a certificate from the law society of the province in which he was so admitted or practised to the effect that, *in the opinion of the law society concerned, he is a fit and proper person*" (my emphasis).

This paragraph was inserted in rule 3A just over twelve years ago. One would be forgiven to imagine that people who deal with the rule – practitioners, the courts and the law societies would by now know their way around this simple and straightforward provision. That is regrettably not the case, though, so it seems.

Inconsistency

The Law Society of the Cape of Good Hope has been inconsistent in its handling of the rule. The director of the Law Society indicated in January 1999 that she could not issue the certificate provided for in the said paragraph. In a letter dated 8 January 1999 the reason was explained thus:

> "The Society certifies that information which it holds, either by way of original or certified documentation. Only Council can form an opinion as to whether a person is fit and proper to practise as an attorney (sic). In order to issue a certificate declaring Mr Mnyatheli (and any other applicant in his position) to be fit and proper to practise as an attorney [advocate] he should be interviewed by Council."

Before an application for approval and registration of articles of clerkship can be considered by the Law Society at least two members of a circle committee, a sub-structure of the Law Society, must interview the applicant and certify him or her to be a fit and proper person. Upon application for admission as an attorney, via the conventional route of serving under articles of clerkship, the erstwhile principal of the applicant certifies similarly. I have always thought that the Law Society keeps a record of each one of their members. Could I be wrong? If I am indeed not wrong is this not part of information that the Law Society holds? This was, however, not the last word on the matter from the Society.

In subsequent communication the Law Society of the Cape of Good Hope has made it clear that a certificate that anyone of their members is, in its opinion, a fit and proper person will never come from them with or without an interview by its Council. Council apparently has a standing resolution to that effect.

Some courts settle for a certificate that only says that up to the time of removal of the applicant's name from the roll of attorneys on his or her own application no proceedings were pending or contemplated to suspend or remove him or her from practice. I was admitted in the Witwatersrand Local Division on that basis. This was, of course, after I had had to abandon my application for admission in the Eastern Cape Division because my application for removal from the roll of attorneys of that court was delayed because the Law Society insisted, inter alia, on certified copies of my identity document and the court order of admission.

In the meantime Mr Mandla Mnyatheli was initially refused admission as an advocate in the Transvaal Provincial Division because he was previously an attorney falling under the jurisdiction of the Cape Law Society and could not obtain and furnish that court with a certificate worded as rule 3A(1)(*b*A) provides. He was only admitted on 13 January 2000 after several months' delay!

I wonder how many people migrating from the roll of attorneys to that of advocates have experienced this kind of difficulty or will in future experience it. I am bringing it up so that it be addressed before the uncertainty currently prevailing can delay, if not harm, more people.

• • •

Regshulpfooie

Gené Visage
Pretoriase Balie

Die nuwe regshulpfooie van toepassing op strafverhore in die Hooggeregshof: artikel 35(f) en (g) van die Grondwet het 'n klinkende simbaal geword.

Op 1 November 1999 het die nuwe regshulpfooie in bogemelde sake in werking getree. Ter toeligting, die fooie van toepassing voor 1 November 1999 (gerieflikheidshalwe word die woord "praktisyns") gebruik waar advokate en prokureurs met hooggeregshofverskyningsbevoegdheid bedoel word):

Praktisyns met 0 - 5 jaar ondervinding: R1000/dag
Praktisyns met 5 - 10 jaar ondervinding: R1 400/dag
Praktisyns met 10 jaar ondervinding: R1 800/dag

Addisioneel tot bovermelde fooie was praktisyns geregtig op R150 per konsultasie wat voor die verhoordatum plaasgevind het, verblyfkoste en R1/km vervoerkoste ('n bedrag wat in elk geval algemeen 'n derde is van die AA-parameters) en 'n fooi van R1/p vir deurlees van dossiere.

Van groot belang was dat alle fooie van toepassing was hetsy:

1 Die saak op die betrokke dag 'n aanvang geneem het;
2 uitgestel was VIR WELKE REDE OOKAL; en
3 ongeag die tydsduur wat die verhoorhof in sitting was.

Ek meld ook dat die fooie in elk geval slegs ongeveer 'n kwart van die fooie is wat advokate ingevolge die nuutste parameters per verhoordag toegelaat word.

Die voordele wat onder hierdie "ou" fooiestruktuur gegeld het, was dat praktisyns beskikbaar was om:

1 die Regshulpraadinstruksie te aanvaar;

2 omvattend te konsulteer;
3 dossiere te bestudeer en voor te berei en gevolglik aan 'n beskuldigde in 'n hooggeregshofstrafverhoor die heel beste moontlike regsbystand te verleen.

'n Voordeel van die grootste belang was die onderskeid in fooie rakende die toepaslike ondervinding van die praktisyn sodat senior praktisyns beskikbaar was vir aanstelling in sake waar daar meerdere beskuldigdes was, om leiding en bystand te verleen aan junior praktisyns.

Na skrywer se kennis is elke dossier, akte van beskuldiging en artikel 119-verrigtinge, wat in die betrokke verhoor deur die kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings aan die Professionele Komitee van die Pretoria Balie gestuur is, deur die gemelde komitee bestudeer. Daarop het die komitee 'n besluit geneem oor die potensiële kompleksiteit van die saak en dit toegedeel aan 'n praktisyn met die toepaslike ondervinding. Hierdie proses het duidelik die voordeel dat regshulpkliënte in die sorg van die heel bekwaamste beskikbare praktisyn gelaat was wat weer gelei het tot verhoging van die standaard van regsverteenwoordiging

Dit was veral 'n prioriteit vir die Professionele Komitee van die Pretoria Balie om waar 'n beskuldigde nie sy eie regsverteenwoordiging kan bekostig nie, hom/haar in die sorg van die mees bekwame praktisyn te laat.

Formules

Vanweë sy eie probleme het die Regshulpraad vanaf 1 November 1999 die betrokke fooie eensydig verminder sodat heelwat van die voordele nou finaal verlore is.

Die huidige fooie hou die volgende in en word so deur die Regshulpraad getakseer en betaal.

R750,00 per dag: ongeag jare van ondervinding MAAR SLEGS indien die verhoorhof vir 'n tydperk van 4 ure in sitting is anders geld die volgende (proporsionele) formule:

A) $\frac{R750}{4} \times \frac{\text{Tydperk (in ure) wat hof wel in sitting is}}{1}$

(Hierdie formule word verder hieronder geïllustreer aan die hand van 'n moontlike scenario.)

B) R75,00 per dag indien die saak, vir welke rede ookal, uitgestel sou word.
C) Geen fooi vir konsultasies wat voor die verhoordatum plaasvind nie.
D) Geen fooi vir voorbereiding en deurlees van die dossier nie.

'n Moontlike scenario om voor oë gehou te word deur praktisyns wat 'n Regshulpraad-instruksie in die hooggeregshof aanvaar (verhoor argumentshalwe op rol vanaf 21/2/2000):

16/2/2000: Deurgaan van dossier: 150 pp.
Fooi verdien: R0.00

17/2/2000: Konsultasie by Sentraal Gevangenis met kliënt vanaf 10:00-12:00.
Fooi verdien: R0.00

21/2/2000: Eerste verhoordag: Praktisyn daag by hooggeregshof op nadat die volle dag vir verhoor opsygesit is (met die reël teen dubbelbrevettering voor oë) om te verneem dat die verhoorhof steeds besig is om uitspraak te gee in die saak wat van Vrydag 18/2/2000 oorgeloop het en dat sy/haar saak uitgestel moet word tot 22/2/2000.
Fooi verdien: R75.00

22/2/2000: Tweede verhoordag: Praktisyn daag by hof op om te verneem dat sy saak om 14:00 'n aanvang sal neem tot die mate dat die verhoorhof nog na betoog oor vonnis met betrekking tot die vorige saak moet luister en vonnis moet uitspreek. Om 14:00 neem die praktisyn se saak wel 'n aanvang totdat die hof verdaag om 15:30: 1 ½ uur in sitting.
Fooi verdien:

$$\frac{R750}{4} \times 1{,}5 \text{ uur} = R281{,}25$$

23/2/2000: Derde verhoordag: Praktisyn by hof. Staatsgetuies daag eers om 12:00 by hof op vanweë vervoerprobleme. Staatsaanklaer konsulteer en verhoor neem verloop om 14:00 tot verdaging om 15:30.
Fooi verdien:

$$\frac{R750}{4} \times 1{,}5 \text{ uur} = R281{,}25$$

24/2/2000: Vierde verhoordag: Beskuldigde eers om 12:00 by hof vanweë vervoerprobleme by Korrektiewe Dienste. Verhoor neem verloop om 12:00 tot 15:30.
Fooi verdien:

$$\frac{R750}{4} \times 2{,}5 \text{ uur} = R468{,}75$$

25/2/2000: Vyfde verhoordag: Praktisyn by hof. Vonnis word uitgespreek vanaf 10:00-10:45. Saak afgehandel.
Fooi verdien:

$$\frac{R750}{4} \times 0{,}75 \text{ uur (45 min)} = R140{,}63$$

Totale fooi verdien na 5 verhoordae! *R1 189,87*
Die bedrag verdien, werk uit op *R237,98 per dag*.

Dit is skrywer se mening dat die praktisyn gepenaliseer word deur:

- Die normale gang van die sake in 'n hooggeregshof met 'n lopende rol.
- Die vervoerprobleme van getuies wat moontlik van ver kom.
- Die komplikasies wat mag ontstaan by Korrektiewe Dienste.
- Die etiese reël teen dubbelbrevettering wat deur die Transvaalse regbank ondersteun word.

Wat is die keuses van die praktisyn?

(a) Om hom/haar glad nie vir Regshulpraadinstruksies in die Hooggeregshofstrafverhore beskikbaar te stel nie?
(b) Om op kort kennisgewing van die saak te onttrek indien gemerk word dat die saak nie 'n "normale" verloop gaan hê nie?
(c) Om te werk teen R200,00 per dag inaggenome die veranderlikes?

Indien die praktisyn bereid is om teen die fooi te werk, ontstaan die vraag of dit enigsins redelikerwys van die praktisyn verwag kan word om in meeste gevalle vier maande en meer vir betaling deur die Regshulpraad te wag?

Die nadele vir die regspleging en verhoorafwagtendes wat mag onstaan vanweë die huidige onbeskikbaarheid van praktisyns is voor die handliggend en word nie in detail bespreek nie. Dit word net graag gemeld dat daar reeds probleme in die rondgaande afdelings van die Hooggeregshof ondervind word vanweë die nie-beskikbaarheid van praktisyns.

Volledigheidshalwe meld skrywer ook net dat die Onafhanklike Balie, die Strafregbalie sowel as prokureurs in die algemeen nie meer bereid is om die opdragte te aanvaar nie.

Implikasies wat gemelde probleem inhou vir die SA regspleging is baie, baie ernstig. Die burger wat die bepalings van artikel 35(f) en (g) die nodigste het, naamlik die arm beskuldigde, word ernstig in die steek gelaat. Wat is 'n groter prys vir 'n individu om te betaal as die opsegging van sy reg om regsverteenwoordiging te geniet, by gebrek waaraan hy die risiko loop om sy vryheid vir geruime tyd, indien nie permanent, te verloor nie?

Is hierdie nie een van die situasies waar die fooie wat nou kastig deur die Regshulpraad "gespaar" word, 'n baie duur prys gaan wees vir die SA-regstelsel om te betaal nie? Rolle kan net verder agter raak en die reg op 'n spoedige verhoor gaan ook 'n leë uitdrukking op die wetboeke word.

Die Regshulpraad se geliefkoosde argument is dat praktisyns nie op regshulpwerk behoort te leef nie. Alles inaggenome is hierdie nie 'n baie onverantwoordelike en -bare antwoord op 'n baie ernstige gevaar nie? 🕮